# JEUGLES - Raising the bar

1. **<u>Ysbreker:</u>**

- Limbo en hoogspring
- laat die kinders aan albei deelneem

2. **<u>Process die ysbreker</u>**:
- het julle dit geniet?
- hoekom / hoekom nie?
- wat was die lekkerste – hoekom?
- watter een was vir julle die maklikste – hoekom?

3. **<u>Limbo en hoogspring</u>**:

| Limbo | Hoogspring |
|---|---|
| **1. Wat is die doel van limbo?**<br>Om te kyk hoe laag jy kan afgaan | **1. Wat is die doel van hoogspring?**<br>Om te kyk hoe hoog jy kan spring |
| **2. Wat doen hulle elke keer wanneer jy limbo speel?**<br>Hulle stel die bar laer | **2. Wat doen hulle elke keer met die bar?**<br>Hulle stel die hoër |
| **3. Hoekom?**<br>Want hulle wil kyk hoe laag jy kan gaan, of wie die laagste kan gaan | **3. Hoekom?**<br>Hulle wil kyk hoe hoog jy kan spring, of wie die hoogste kan spring |

**4. <u>Raising the bar</u>**

Hierdie tou/bar, noem ons 'n standaard, en JY kan kies wat jy met die standaard doen, jy kan limbo daarmee speel, of jy kan hoogspring daarmee speel.

Kom ek verduidelik – wanneer ek die dag my hart vir Jesus gee, geld 'n nuwe standaard in my lewe. God se Woord is duidelik oor die goed wat Hy wil hê ons moet laat staan. Kom ek gee vir julle 'n paar voorbeelde:

**<u>1 Kor 6:9-10</u>** – "Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koningkryk van God nie."

Hierdie is met ander woorde God se standaard vir ons – die goed wat Hy wil hê ons NIE moet doen nie, of laat staan.

Ek kan nie my hart vir Jesus gee en ek hou aan leef soos ek geleef het nie. My standaard moet nou verander, hoër gestel word, ek moet ophou limbo speel, en begin hoogspring. Waar lees ek dit?

1 Kor 6:11 – "en so WAS party van julle ook, MAAR julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.

Hierdie teksvers sê vir ons dat hierdie goed deel is van die wêreld se standaarde en NIE God s'n nie, dis deel van limbo, en NIE deel van hoogspring nie!

**5. 'n Paar vrae:**

Vanaand wil ek jou 'n paar vrae vra. Net jy en God gaan die antwoord daarop weet, ek gaan nie vra dat jy dit met die groep deel nie, ek wil hê jy moet dit net vir jouself antwoord, maar onthou, jy en God gaan weet as jy nie eerlik is nie:

**Vraag 1**: Watter van die goed in die LIMBO lys is deel van jou lewe, en watter van die HOOGSRING lys?
**Vraag 2**: Hoe lyk JOU standaard vanaand, hierdie oomblik? Limbo of hoogspring?
**Vraag 3**: Hoe lyk JOU standaard in vergelyking met God se standaard?
**Vraag 4**: Wil jy by God se standaard kom?
**Vraag 5**: Wat gaan jy moet doen om daar te kom?

6. **God se Naam**:

Jy sien, ons vergeet baie keer, dat as ek my hart vir Jesus gee, gaan dit nie meer oor MY nie!! Jesus besit dan nou my hart, ek het dit vir HOM gegee, dis nie meer myne nie!!!

DAAROM kan ek nie meer volgens MY standaarde leef nie, want MY standaarde is limbo, en God se standaarde is hoogspring.

My standaarde doen God se Naam skade, God se standaarde maak God se Naam groot!!

7. **Dis moeilik tannie**!

Nou gaan jy vir my sê, maar dis moeilik tannie, tannie, ek sukkel, tannie, ek kry dit nie reg nie!

Dan wil ek jou vanaand herinner aan tannie Juanita se Les oor die Heilige Gees – ons helper, en jou vra of jy Hom al GEVRA het om jou te help?

Jy sien ons dink baie keer dat ons dit alleen moet doen, maar weet jy wat – as jy kind van God is,as jy jou hart vir Hom gegee het, is jy nie alleen nie, jy het ALTYD die Heilig Gees by jou om jou te help, maar jy moet Hom VRA vir Sy hulp, want alleen gaan jy dit nie KAN regkry nie!!!

**8. WIL jy regtig?**

Die mijoen dollar vraag vanaand is WIL jy jou standaard hoër stel, of is dit vir jou te lekker om met jou een voet in die wêreld te leef en jou ander voet by Jesus?

Jy sien **- Matt 6:24**: sê jy kan nie vir 2 base gelyk werk nie, want vir die een gaan jy meer gee as vir die ander! So jy KAN NIE met jou een voet limbo speel, en met jou ander voet wil jy hoogspring vir Jesus nie!! Dit is nie meer 'n opsie nie, jy gaan MOET kies, en vinnig ook, want die tyd raak min – limbo of hoogspring, Jesus of die wêreld!! Jy kan nie vir altyd op die kantlyn sit sonder om 'n keuse te maak nie!

9. **Dis moeilik, maar dis moontlik**:

Ons het nou al klaar vir mekaar gesê dat dit moeilik is, maar weet jy wat? Dis moontlik, hier sit 'n hele Klomp grootmense EN kinders wat DIT vanaand vir julle sal kan sê, maar die key is met die hulp van die Heilige Gees

10. **<u>Kom ons raak prakties</u>**:

Jy het nou jou limbo-lysie voor jou en miskien het jy vanaand op jou blaaitjie geskryf jy WIL by God se standard kom, jy maak met ander woorde die KEUSE – nou is die groot vraag hoe doen ek dit?

***<u>Vraag in die groepe</u>***: hoe kom ek by God se standaard uit?

1. Bid vra die Heilige Gees in die oggend om jou te help met die spesifieke ding waarmee jy sukkel, wanneer dit oor jou pad kom, dan Hy jou sal waarsku en jou ook die krag gee om die regte keuse te maak. Onthou net, die Heilige Gees is nie 'n 'magic wand' wat al jou probleme VIR jou gaan oplos nie, JY moet nogsteeds die keuse maak!!

2. BLY by die Here se voete – stiltetyd is nie 'n opsienie – wil ek of wil ek nie – dis jou geestelike suurstof, daarsonder SAL jy nie kan staande bly nie. Maak tyd daarvoor dit bly belangrikste ding in die dag!!!

3. Vat een dag en een probleem op 'n slag

4. Raise die bar – die standaard, elke keer 'n bietjie hoër

5. Sê vir die Heilige Gees dankie vir die oorwinnings wat jy kry deur Hom

6. Kry vir jou mense wat jy vertrou om saam met jou te bid oor dit waaroor jy oorwinning moet kry, daar is krag in gebed, maar ook in die wete dat iemand anders saam met jou bid daaroor

7. Moenie tou opgooi as jy nie dadelik oorwinning kry nie, party goed is makliker om te oorwin as ander hou aan probeer, en hou aan bid!!

**11. <u>Gevolge van jou keuses:</u>**

- Ek sê weer: as jy gekies het om jou hart vir Jesus te gee, is dit nie meer joune nie, en gaan dit nie meer oor jou en wat jy wil doen, en hoe jy dit wil doen nie.

- Miskien is dit tyd dat ONS DIT vanaand ***<u>REGTIG</u>*** besef !!!

- Ek gaan weer die vraag vra: Hoe lyk JOU standaarde vanns? Speel jy limbo of spring jy hoog?

- Is dit nie miskien tyd om te kies om die standaarde in jou lewe hoër te stel nie?

12. **<u>Hoe jy leef sê aan wie jy behoort</u>**:

As ek sê ek is 'n christen, kind van God, dan kyk mense hoe ek leef, mense kyk wat ek doen, waarmee ek myself besig hou, hoe ek situasies hanteer.

**<u>Wat sê die manier hoe JY leef van wie jy dien?</u>**

JESUS = HOOGSPRING **OF** Wêreld / satan = limbo??

**Jy kan nie 2 base gelukkig hou nie!! JY moet kies - Limbo of hoogspring!!!**